

Woensdag 28 Desember

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:15-19

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:19

Die opstanding gee ons hoop

As daar nou iets is wat 'n mens se moed behoorlik breek, is dit dat jy nie hoop het nie en jy nie meer 'n pad vorentoe sien nie. Wanneer 'n mens jou *blind staar* teen die dinge van hierdie lewe (soos slegte nuus na slegte nuus oor die media), dan verloor jy moed en is jy sonder hoop, sonder 'n toekomsverwagting.

Dit is egter nie hoe die Here wil hê ons moet wees nie – ook nie vandag as jy met jou gewone dagtaak besig is nie. Hy wil nie hê jy moet vasgedraai wees in die ellende en hartseer wat jy (vandag weer!) gaan hoor nie. O nee! Hy trek op grond van die opstanding van Christus die gordyne van môre en oormôre en die ewigheid vir jou oop. Daar wag 'n heerlike, ewige (beter!) toekoms saam met Christus vir elke ware gelowige. Daar wag vir jou 'n wonderlike, onbeskryflike môre: die salige opstanding van jou liggaam.

Jesus Christus het uit die dood opgestaan, en daarom gaan ook jy met sy wederkoms uit jou graf uit opstaan om vir ewig 'n burger in die Koninkryk van God te wees. Hoe dit alles presies gaan wees, weet ons nie, maar ons gaan *lewe*: saam met Christus, in die paradys, waar geen dood en tranes en aanslae van die duiwel meer gaan wees nie.

Wat vir jou in God se môre wag, is só oorweldigend dat ons dit eenvoudig nie kan beskryf met die taal en woorde wat ons nou tot ons beskikking het nie. Gaan vandag in met nuwe hoop vir 'n onbeskryflike môre, met vars verwagtinge wat God vir jou in bewaring hou! 'n Nuwe lewe saam met Christus! Op God se tyd sál jy beslis daarin deel hê.

Sing: Psalm 118:1 (1936)

Dr. AH (André) Grové (Emeritus)